

Toeskouer of Deelnemer?

“Hulle het hulle heelhartig toegelê op die leer van die apostels en die onderlinge verbondenheid, die gemeenskaplike maaltyd en die gebede.”

Handelinge 2:42

Lees Numeri 13

- Hoe lyk jou toewyding aan Jesus op die oomblik?

Nie Goed 0 -----5-----10 Uitstekend

- Watter dinge merk jy op die oomblik op in jou wêreld?
- Hoekom dink jy staan hierdie dinge vir jou uit?
- As jy na jou reaksie kyk wanneer jy dinge opmerk, reageer jy meer soos Kaleb en Josua of die ander manne wat uitgestuur is?
 - Hoekom dink jy is dit die geval?
- Hoe het mense jou al gekritiseer om dat jy doen wat die Here vir jou vra?
- Wat ervaar jy is iets wat die Here op die oomblik vir jou vra om te doen, maar waar jy baie teenkanting kry?
 - Is dit omdat die mense nie dieselfde geloof as jy het nie of is dit gelowiges wat aan jou wysheid gee?

Preek Notas:

KLEINGROEP:

Volg gerus hierdie uitleg vir 'n Kleingroep bespreking deur die week om dit wat julle op Sondag gehoor het verder te vat:

1. Deel met mekaar iets waaroor julle dankbaar is die afgelope week en dank die Here daarvoor saam as 'n groep.
2. Lees die skrifgedeeltes en bespreek die vrae.
3. Laat elkeen EEN ding noem wat vir hulle uitgestaan het van julle gesprek.
4. Laat elkeen EEN ding noem wat hulle gaan DOEN in die komende week met dit wat julle geleer het.
5. Is daar enige behoeftes is in die groep? Hoe kan julle mekaar ondersteun in dit? Hoe kan julle vir mekaar bid.

Jy is welkom om na die diens na een van die glas gebedskamers te gaan voor in die kerk indien jy saam met iemand wil bid of wil hê iemand moet vir jou bid.



051- 451 1017



kerk@kerk.co.za



www.kerk.co.za



Bloemfontein
Baptiste Kerk

Welkom by die aanddiens! Ons glo jy gaan dit saam met ons geniet en dat Jesus iets nuuts van Homself aan jou gaan kom wys!

Indien jy nuut is, en graag op ons databasis wil kom om emails en smse van die kerk te kry met inligting, vul asseblief die Wit Bladjies tussen die stoele in en gooi dit in die hout posbusse by die deure soos jy uitstap na die diens.

Jy is welkom om na die diens nog inligting te kry in die Klein Kerkie buite by die koffie en Tee - Kyk uit vir iConnect! Hulle sal jou kan help om in te skakel in die kerk en al jou vrae beantwoord!

BELANGRIKE INLIGTING

PULSE KAMP

Pulse kamp 2017 is van 28 April – 1 Mei 2017. Dit kos R490 per persoon. Kontak vir Willie vir meer info en 'n inskrywingsvorm by willie@kerk.co.za of 082 309 5342.

STUDENTE KLEINGROEP

Indien jy 'n student is en belangstel in 'n kleingroep, kontak vir Petrie by petrie@kerk.co.za. Daar is ook twee groepe wat bymekaarkom op kampus.

SAAMBID

Ons bid Sondae aande saam voor die diens om 18h00 in die gebedskamer links voor in die kerk. Kom tree saam in vir wat God wil doen in die diens en in hierdie reeks.

VOORBIDDING

Kom bid saam met ons elke Donderdag om 18h30 in die Jabes-huis skuins agter die kerk.